**Hoërskool Oos-Moot**
HAARHOFFSTRAAT 1120, VILLIERIA, 0186
Telefoon: (012) 332-0601 Faks: (012) 332 2457
E-pos: oosmoot@oos-moot.co.za

Oktober 2024

Geagte Graad 12-ouers/voogde en leerders

**MATRIEKAFSKEID 2025**

Die matriekafskeid is sonder twyfel die sosiale hoogtepunt van die jaar. Dit is ŉ geleentheid waar ons die ontwikkeling van ons leerders van skaam graad aggies tot stylvolle jong volwassenes kan sien. U, as matriekouer word ook vriendelik uitgenooi om te kom kyk hoe die matrikulante arriveer.

| | | |
|---|---|---|
| Datum | : | 10 Oktober 2025 |
| Plek | : | Colosseum Reale Venue |
| Tyd | : | 18:00 – 23:00 (aankoms vanaf 16:00) |

Om dit vir ouers finansieel makliker te maak is daar besluit om ouers **reeds** in (2024) die geleentheid te bied om vir die matriekafskeid te begin betaal.

**Kostes en betalingsopsies**

- R850 per persoon (Oosie-matrikulant).
- R900 per persoon (metgesel - buitepersoon).
- Eenmalig betaal, of maandelikse afbetaling voor 15 Augustus 2025.

**Betaling**

- Gelde word per EFT (elektronies) of by die finansieskantoor inbetaal.
- Verwysing: Naam/Van, Matriekafskeid
- Leerders moet hul kwitansies hou.
- Leerders se kwitansies word getoon wanneer hul die tafelplasingversoek by me L van der Meulen ingehandig.

**Metgeselle**

Matrikulante word toegelaat om na goeddunke ŉ buite-persoon saam te nooi indien hulle nie ŉ mede-matrikulant in Hoërskool Oos-Moot wil vra nie.

Die voorwaardes vir buitepersone as metgesel, is soos volg:

- Metgeselle mag nie ouer as 21 jaar wees nie.
- Metgeselle van Oos-Moot of ŉ ander skool mag nie in ŉ laer graad as Graad 10 wees nie.
- Indien ŉ leerder van ŉ ander skool gevra word, moet ŉ bevestigingsbrief deur die seun/dogter se skool verskaf word en die brief deur die betrokke skool se Hoof geteken wees.
- Buite-persone moet hulle aan ons reëls onderwerp.
- Geen rook of drank word toegelaat nie (die persoon word dus as ŉ leerder van ons skool gesien).
- Buite-persone sal deur ŉ keuringsproses gaan (Me L van der Meulen). Aansoekvorms vir dié doel sal op die skool se webwerf beskikbaar gestel word.

**Tafelplasings**

- Die tafelplasings open op **8 September en sluit op 12 September**
- ***Geen tafelplasings sal hierna aanvaar word nie***.
- Tafelplasings word slegs gedoen wanneer betaling ontvang is en geen plekke by tafels kan uitgehou word vir vriende nie.
- Leerders se kwitansies word getoon wanneer hul die tafelplasingversoek by me L van der Meulen ingehandig
- *Let wel*: Metgeselle van ander skole se name word nie by die tafelplasings geskryf nie.
- Die aankomstye word gekoppel aan die tafel waar die leerders geplaas is.

**Toegang en aankoms van leerders by die matriekafskeid**

- Aankomstye begin vanaf 16:00 en sal kort voor die funksie deurgegee word.
- Bewys van betaling is jou toegangskaartjie.
- Die verkeersvloei tydens die leerders se aankoms is gewoonlik ŉ groot probleem.
- **Let wel:** Die voertuie gaan binne die funksie-area inry waar die ouers op ‘n groot pawiljoen gaan sit om na hul kind te kyk. Omdat die vertoning in die funksie-area plaas vind mag daar geen groot voertuie (bv. busse, brandweerwaens, helikopters ens.) of diere (bv. perde, ens.) toegelaat word nie. Indien daar onduidelikheid is oor ŉ voertuig se geskiktheid kan Me L van der Meulen (k19) gekontak word.
- **Venue reëls:**
  - Geen toeters nie.
  - Geen “*revving*” van voertuie nie.
  - Geen helium balonne op die perseel nie.
  - U moet die spoedbeperking, van 15 km per uur, na kom op die perseel en binne die venue.
  - Indien hierdie reëls nie nagekom word nie is daar ‘n R5000 boete waarvoor die oortreders verantwoordelikheid neem om te betaal.
- Elke leerder word versoek om ŉ papiertjie met hul naam en van beskikbaar te hê. Dit word aan die aankondiger oorhandig sodra die leerders uit die motor klim.
- Sien aanhangsel B vir die aanwysings en terreinkaart. Aanwysingsbordjies sal uitgesit wees.

**Algemene inligting op die aand van die funksie**

- Leerders arriveer vanaf 16:00, die funksie begin amptelik om 18:00 en eindig om 23:00.
- Genoegsame parkering is beskikbaar vir die ouers (daar sal aanwysings wees).
- Die ouers en leerders gebruik dieselfde toegangshek, dus moet ouers voor die leerders arriveer om betyds te wees om hul aankoms te besigtig.
- Daar is ŉ pawiljoen vir die ouers om die aankoms van die leerders te besigtig.
  *Let wel:* Ons dit waardeer indien u vertrek na u kind in die funksie-area inbeweeg het, sodat alle ouers ook die geleentheid het om gemaklik na hul kind se aankoms te kyk.
- Daar sal ŉ beampte wees wat die deur van elke aankomsmotor sal oopmaak.
- Na die matrikulante oor die rooi tapyt beweeg het, sal ŉ beampte hul tafel uitwys waar hul dan dadelik moet gaan sit en die res van die aankomsmotors sal kan besigtig.
- Dogters wat alleen die matriekafskeid bywoon sal met hul aankoms deur ŉ netjies geklede manlike beampte oor die rooi tapyt vergesel word (sou hul wou).

**Funksie-etiket**

- Na die matrikulante se aankoms kan hul iets te drinke bestel of die vrugtesap op die tafels geniet.

**Kort funksieprogram**

- 18:00 : Toesprake begin en hoofgereg word bedien.
- 18:30 : Matriekraad (leiers) OPEN die dansvloer waarna almal mag dans (geen dans voor toesprake en hoofgereg nie).
- 20:00 : Nagereg word bedien as ŉ buffet en is beskikbaar deur die loop van die aand.

**Foto's en video**

- Daar sal ŉ amptelike fotograaf wees wat foto's neem waar leerders arriveer.
- ŉ Amptelike video word van die funksie geneem.
- ŉ Pret, 360 *video booth* sal beskikbaar wees.
- *Belangrik*: Dogters moet asseblief let op hoe hul uit die motor klim wanneer hul arriveer (videodoeleindes). Alle leerders moet let op hul gedrag tydens die funksie aangesien die video en foto's van die geleentheid op sosiale media geplaas word.
- Leerders wat graag hul matriekafskeidfoto's op die skool se sosiale media wil plaas, kan dit voor 17 Oktober 2025 stuur na bemark@oos-moot.co.za met die volle name en van, van beide die matrikulante in die foto.

**Kontantkroeg**

Nie-alkoholiese drinkgoed sal op die tafels uitgesit wees.

**Aanhangsels**

Die volgende dokumente is aangeheg as aanhangsels:

- Aanhangsel A : Keuring van buite persone
- Aanhangsel B : Aanwysings

Navrae kan gerig word aan Me L van der Meulen by l.vdmeulen@oos-moot.co.za

Oos-Moot groete

S THERON
TOESIGHOUDENDE HOOF

L VAN DER MEULEN
ORGANISEERDER

**AANHANGSEL A:**

**MATRIEKAFSKEID 2025: KEURING VAN BUITE-PERSONE**

**OOS-MOOT LEERDER**

Naam en Van: ____________________________________________

Klas: ____________________________________________

**BUITEPERSOON**

Naam en Van : ____________________________________________

Ouderdom: ____________________________________________

Beroep: ____________________________________________

Adres: ____________________________________________

Kontaknommer: ____________________________________________

**VERKLARING**

Ek ____________________________________________ verklaar dat die volgende voorwaardes deur my nagekom sal word tydens die Matriekafskeidsfunksie:

1. Geen alkoholiese drank mag op die terrein gebruik word nie;
2. Daar mag nie op die terrein gerook word nie;
3. Gedrag moet ten alle tye onberispelik wees;
4. Kleredrag moet sindelik wees en in ooreenstemming met die aard van die formele funksie;
5. Indien nie aan hierdie vereistes voldoen word nie, sal oortreders versoek word om die terrein onmiddellik te verlaat.

____________________ ____________________


HANDTEKENING DATUM

- Afskrif van identiteitsdokument aangeheg: □ Ja □ Nee
- Kwitansienommer: ____________________________________________

□ GOEDGEKEUR □ AFGEKEUR

Hiermee gee ek ouer/voog van ____________________________________________ in graad ____________________ toestemming dat my dogter/seun die volgende buite-persoon, onder die ouderdom van 21 jaar, as metgesel na die 2024 Matriekafskeid mag nooi.

# AANHANGSEL B: AANWYSINGS EN TERREINKAART






Ons omgee-uitleerskool
*Waar ons met passie potensiaal ontsluit*